KZN Department van Onderwys
Greenbury Sékondêre Skool
Finale Eksamen---November 2018
Afrikaans--- EAT
Vraestel 3 – Skryftake

Graad : 11
Punte : 100
Datum: 26 September 2018
Tydsuur: 3 uur
Eksaminatrise : S.Sukhnanan
Moderatrise : P.Ramjee

Naam van Leerder_____

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

Instruksies aan Kandidate

1) Hierdie vraestel bestaan uit DRIE Afdelings.
   - Afdeling A – Opstel (50)
   - Afdeling B - Lang Transaksionele Teks (30)
   - Afdeling C – Kort Transaksionele Teks (20)
2) Beantwoord EEN vraag uit ELKE Afdeling
3) Begin Elke Afdeling op n Nuwe Bladsy.
4) Jy MOET elke skryfstuk beplan, redigeer en proeflees anders sal jy punte verloor.
5) Trek n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk klaargeskryf het.
6) Tydsindeling : Afdeling A – 90 minute
   Afdeling B- 50 minute
   Afdeling C – 40 minute
7) Nommer jou teks soos dit in die vraestel genommer is.
8) Skryf die titel / opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstruk neer.
9) Dui die getal woorde aan , aan die einde van elke skryfstuk.
10) Skryf netjies en leesbaar.

Blaai om ... Bl 2

AFDELING A --- OPSTEL

VRAAG EEN----- Skryf 'n OPSTEL van 200-250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.

1.1) FIFA 2018 was die beste Toernooi ooit! (50)

1.2) My Vrese vir volgende jaar! (50)


1.3) Pa het my daardie dag vreeslik geslaan! (50)

1.4) Ek kan nie sonder my vriende lewe nie. (50)

1.5) Die toekoms in SA lyk nie baie helder nie. Lig op jou mening uit! (50)


1.6) Kies Een van die prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Gee jou opstel 'n Titel. Daar MOET 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1



(50)

1.6.2



[Uit www.google.com] (50)

1.6.3



[Uit www.google.com] (50)

Blaai om. Bl 3

AFDELING B--- LANG TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG TWEE---Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.

2.1) Vriendskaplike Brief

Jou skool/kerk/ tempel /moskeer het onlangs Mandela Dag gevier. Skryf 'n brief aan jou vriend wat in 'n ander provinsie woon en sê alles wat jy gedoen het. **[30]**

OF

2.2) Huldeblyk

Een van jou spanmaats is onlangs dood in 'n tragiese ongeluk. Jy is gevra om namens jou span 'n huldeblyk af te lewer. Skryf die huldeblyk neer wat jy gaan af lewer. **[30]**

OF

2.3) Toespraak

Die ongehoorsaamheid in jou skool word erger elke dag en dit word moeiliker om dissipline in die klas te hou. In 'n Toespraak spreek **Ouers en leerlinge** saam oor hierdie ernstige situasie en gee moontlike oplossings. **[30]**

Blaai om - Bl 4

AFDELING C --- KORT TRANSAKSIONELE TEKS

VRAAG DRIE----Kies Een onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.

3.1) Wenke
Die finale eksamen is om die hoek en jou onderwyser het jou gevra om 10 STUDIEWENKE neer te skryf om die leerlinge te help.

[20]

OF

3.2) Dagboekinskrywing
Gedurende die Julie vakansie het iets skeefgeloop (went wrong) en jou baie ongelukkig gemaak. Maak 'n dagboekinskrywing oor die insident.

[20]

OF

3.3) Plakkaat
Jou skool wil 'n konsert hou om fondse in te versamel. Ontwerp 'n Plakkaat wat jy op die kennisgewingsbord gaan plaas.

[20]

GROOTTOTAAL [100]

GREENBURY SECONDARY SCHOOL
DEPARTMENT OF LANGUAGES
H.O.D. MR S R PANDAY